**WOENSDAG 27 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: HOSEA 1:1-12; HOSEA 11:1-2; HOSEA 14:10**
**FOKUSGEDEELTE: HOSEA 14:10**

**Hosea – ondeurgrondelike, regverdige liefde**

Hoërskool Petrusburg se leuse was: *Nie woorde nie, maar dade.* Voeg die daad by die woord, dan besef mense dat jy werklik ernstig is.

Hosea (verlossing) preek nie net met woorde nie, maar in besonder met die daad. Hy preek teen die godsdienstige oppervlakkigheid van die volk. Hy kry die opdrag om met ’n prostituut te trou, want hy moes daardeur ’n boodskap aan die volk gee dat die volk besig is om heeltemaal ontrou aan die HERE te word. Hulle voorspoed het hulle aan Baäl toegeskryf wat vrugbaarheid en welvaart gee.

Tempelprostitusie was deel van die Baäldiens. Om deel te verkry aan die voorspoed wat Baäl sou gee, moes jy daaraan deelneem. Geestelik was hulle verrot, bankrot. Die name van die kinders van Hosea is daadprediking. Hulle name moes die volk roep tot bekering, maar dit gebeur nie.

In teenstelling met die ontrou van die volk is die HERE se ondeurgrondelike liefde vir die volk Israel duidelik uit die hele boek. Hierdie liefde is verbondsliefde. Die verbond van die HERE bestaan uit twee dele – verbondsbeloftes en verbondseise. Die HERE beloof sy liefde, genade, beskerming, maar eis gehoorsaamheid as dankbaarheid vir alles wat Hy doen. Die laaste hoofstukke beskryf die HERE se liefde, maar onderstreep Israel se ongehoorsaamheid en uiteindelike ondergang. Israel word weggevoer na Assirië in ballingskap en die pragtige hoofstad Samaria is verwoes.

God is liefde, maar sy liefde is ondeurgrondelike, regverdige liefde. Hy duld nie die sonde nie, en juis daarom moes Christus alles deur sy soenverdienste volbring. Hy moes mens word om die sonde wat die mens gedoen het, ten volle te betaal. Woord en daad in volkome harmonie.

Preek jy elke dag in jou werk, jou gesin? Die HERE soek in hierdie gebroke wêreld ware predikers – woord- en daadpredikers.

*Sing: Psalm 25:2, 3, 4 (1936)*
*Ds. PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)*